# die Wapad

DEEL XIV — VRYDAG, 6 MAART 1959 — NR. 1


# GROOT UITBREIDINGS

## BAIE NUWE GEBOUE EN LABORATORIA IN VOORUITSIG

**SEDERT DIE SELFSTANDIGWORDING VAN DIE UNIVERSITEIT IN 1951 IS DAAR STEEDS SO 'N GROOT TOENAME IN DIE STUDENTETAL DAT VOORTDURENDE UITBREIDING NOODSAAKLIK IS. IN DIE AFGELOPE 8 JAAR HET DIE GETAL INGESKREWE STUDENTE VERMEERDER VAN 862 IN 1951 TOT 1447 IN JUNIE 1958. NAGENOEG 1600 STUDENTE SAL VANJAAR INSKRYF.**

**Ten einde te verseker dat aan dié vereistes voldoen word, is 'n uitgebreide bouplan in 1951 aangepak. Die Biblioteek, Administrasiegebou, Fisika-, Chemi- en Plantkundelaboratoria asook twee nuwe koshuise het sedertdien op die terrein verrys. Sportterreine is verbeter en vergroot, en die campus is verfraai deur netjiese teerpaaie en grasperke. Die Totius-gedenksaal, kafeteria en Studenteraadskantoor getuig van die studente se ywer. Tans word ook die oprigting van 'n ontspanningsaal regoor die Studenteraadskantoor beplan.**

### VERGROTINGS.

Akkommodasie vir studente het steeds ontoereikend geblyk te wees. Aanbouings tot Dawie Doep en Klawerhof is in 1958 voltooi. 'n Verdere vleuel sal aan die noordekant van Klawerhof gebou word, sodat die koshuis 'n volkome vierkant insluit. Die terrein noord van Dawie Doep bied ruimte vir uitbreiding wanneer dit nodig geag word.

### KONSERWATORIUM VIR MUSIEK.

Die Konserwatorium, wat in Februarie 1950 geopen is, was nog altyd in tydelike geboue gevestig. Geboue vir die Konserwatorium is reeds lank in vooruitsig gestel, en vanjaar is 'n aanvang daarmee gemaak. Die gebou, wat £75,000 sal kos, word op die Oude Molen-terrein opgerig en beloof om 'n sieraad vir die Universiteit te wees. 'n Saal wat plek bied aan 400 persone, vorm deel van die gebou. 'n Uitstekende orrel kom op die verhoog, wat so gebou word dat klaviere ens. wat daarop staan, in 'n spesiale stoorkamer daarnaas gestoot kan word en die verhoog dus onmiddellik beskikbaar stel vir toneel, kooruitvoerings ens. Klankdigte oefenkamers, lesingkamers, 'n moderne diskoteek en biblioteek word verder ingerig. Die Departement Musiek sal in hierdie praggebou tot sy volle ontplooiing kan kom.

Die bouwerk aan 'n nuwe gebou vir die Departement van Huishoudkunde sal eersdaags begin. Dit het dringend noodsaaklik geword, aangesien die Departement op die oomblik versprei is in verskillende geboue en die ruimte beperk geword het. Vanjaar het 27 eerstejaarstudente, van wie 16 die graadkursus en 11 die diplomakursus volg, ingeskryf. Dit is 'n rekord vir die Departement. Die koste verbonde aan die oprigting sal ongeveer £40,000 beloop. Die gebou word so gebou dat 'n derde verdieping later tot die beoogde twee gevoeg sal kan word, indien dit nodig blyk te wees. Die perseel daarvoor uitgesoek is dié net agter die ou Fisika- en Chemielaboratoriums.

### 1960.

'n Dierkundelaboratorium sal in 1960 opgerig word op die plek waar die ou Liggaamlike Opvoedinggebou nou staan, nl. voor „Uitspan". Posmahuis se bestaan kom in gevaar deurdat die glashuise van die Plantkundelaboratorium agter die huidige laboratorium ingerig moet word. In die verre toekoms word nuwe laboratoria vir Departemente Sielkunde, Geologie en Aardrykskunde gestel. Die bestaande geboue blyk reeds ontoereikend te wees. 'n Nuwe Letteregebou sal aan die oostekant van die biblioteek opgerig word.

### GROND.

In sy openingsrede by die amptelike heropening van die Universiteit op Vrydagaand, 20 Februarie, het die Rektor, prof. dr. J. Chris Coetzee, verklaar dat die 63 morg grond waaroor die Universiteit tans beskik, binnekort ten volle in beslag geneem sal word. Noukeurige berekening het aangetoon dat 'n verdere 200 morge grond nodig sal wees om aan die Universiteit se stygende behoeftes te voldoen. Dié grond sal langs die Potchefstroom-Randfontein-pad aangekoop word, omtrent 2 myl vanaf die Noordbrug. Prof. Coetzee het verder verklaar dat wetgewing verwag word waardeur Universiteite die reg sal verkry om soos staatsdepartemente grond te onteien.


### INGENIEURS-FAKULTEIT.

Mnr. Daan Eloff, Uitbreidingsamptenaar van die Universiteit, deel DIE WAPAD mee dat die stigting van 'n Fakulteit van Ingenieurswese deur die Raad van die Universiteit beoog word. Die feit dat die Universiteite van Pretoria en Witwatersrand reeds albei uitstekende Ingenieursfakulteite besit, laat 'n mens dit egter betwyfel of hierdie voorneme wel uitgevoer sal word. 'n Instituut vir Tegnologie sal moontlik opgerig word, terwyl 'n Departement van Landbou ook in die vooruitsig gestel word. Die geboue hiervoor sal opgerig word op die grond wat die Universiteit sal aankoop.

### SPORT.

'n Geweldige tekort aan oefenbane vir alle sportklubs word gevoel. Op die oomblik word die terrein noord van die voetbalvelde opgevul en uitbreiding van sport-fasiliteite sal hopelik in daardie rigting plaasvind. Eers wanneer die nodige voorsien is, kan verwag word dat die verskillende klubs tot hulle reg sal kom.

## Chroestjof!? . . . . Nee, . . . . Nooit!



*Hartlik Welkom!*



**'n Hartlike woord van welkom aan ons Studenteraadsvoorsitter, mnr. Hennie van der Walt, asook aan mnr. F. W. de Klerk. Dis goed om julle weer hier te hê.**

Met behulp van die Abe Baileybeurs het Hennie en F.W. op 5 Desember verlede jaar uit die Kaap vertrek. Hulle het in Southampton aan wal gestap vir 'n toer van ses weke deur Engeland. In dié tydperk het hulle onder meer verskeie ou katedrale besoek asook die verskillende paleise, t.w. Buckingham, Hampton Court, Windsor Castle en Hollyrood.

Besonder interessant was die besoek aan die verskillende universiteite: St. Andrews in Skotland, die moderne University of London en natuurlik Oxford en Cambridge. Wat veral opgeval het van die laaste twee, is die baie „los" kolleges waaruit elkeen bestaan: Oxford bestaan uit 28 en Cambridge uit 26. Damestudente is op beide hierdie inrigtings in 'n geweldige minderheid.

Georganiseerde studentelewe soos ons dit ken, is daar nie op Oxford en Cambridge nie. Daar is geen verteenwoordigende studenteraad nie, en dinge word blykbaar vir die ou seksie georganiseer deur voltydse organiseerders op die personeel. Praat van spesialisasie!

Op Oxford is lesings bygewoon van die professor in rasseaangeleenthede, prof. Kirkman, en daarna is met hom en die studente samesprekings gevoer. Heelwat samesprekings is inderdaad gevoer met studente van beide Oxford en Cambridge.

Oor die algemeen is die gevoel geweldig teen Suid-Afrika en, natuurlik, veral teen die gewraakte Apartheid.

Hennie is egter van mening dat hierdie gevoel veral gebaseer is op verkeerde inligting en valse opvattings betreffende die probleem. Hy voel dat dit in hierdie opsig die vernaamste taak van die Afrikaanse universiteite moet word: verskaffing van die nodige inligting en 'n korrekte stelling van die probleem. Dit sal ons ook nie baat om in die I.S.K. 'n internasionale platform te soek nie: ons kan meer langs ander weë bereik as om ons energie in daardie rigting te verspil.

Hennie-hu'le was ook teenwoordig in Afrika-huis met die betogings teen die Wet oor Aparte Onderwys. Dit was baie duidelik vir almal teenwoordig dat 'n betoging noodsaaklik was — net, niemand het blykbaar geweet presies waarom dit gaan nie.

Ná beëindiging van die Abe Bailey-toer — en Hennie is vol lof vir die puik organisasie daarvan— is A. C. Laubscher (Maties), Cor du Plessis (U.O.V.S.) en Hennie op eie onkoste verder deur Holland, België, Duitsland, Switserland, Italië en Frankryk.

Maar die lekkerste van die weggaan was maar weer die tuiskom!

## Nuwe Voorsitter van die Raad



Op 30 Junie 1958 het die destydse Voorsitter van die Raad van die Universiteit, ds. H. J. R. du Plessis, gevra om op 78-jarige leeftyd uit te tree. Ds. Du Plessis het in hierdie hoedanigheid gedien sedert 1942. Ds. D. N. Kotze van Ventersdorp is die nuwe Voorsitter.


Tomstraat 90A

Fotokuns

U FIRMA VIR FOTOGRAFIE

Telefoon 3185
POTCHEFSTROOM

Kom besigtig ons
GRAMMOFOONPLATE
STEREOFONIES
GEDEMONSTREER

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
Vrydag, 6 Maart 1959

## Redaksie en Administrasie



| | | |
|---|---|---|
| HOOFREDAKTEUR en INTERUNIVERSITÊRE AANGELEENTHEDE | Nesco du Toit | 2911. |
| ONDER-HOOFREDAKTEUR en SPORT | Idyll van der Walt. | 2560. of X047. |
| NUUS | Dewald Roode en Frans van der Vyver | 1566. 1366. |
| KUNS | Enid Rautenbach | 1385. |
| VARIA | Proffie van Vuuren en Bets Coetzee | X041. 0013. |
| SPOTPRENTTEKENAAR | Ben van der Walt | 8611. |
| FOTOGRAWE | Johan van der Merwe en Marieke van der Merwe | 19. 281. |
| TEGNIESE ADVISEUR | Gouws Oberholzer | 2162. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Rassie Smit | X042. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Bennie Bierman | 1188. |
| PENNINGMEESTER | Jan Kense | X09. |
| TAALADVISEUR | Dr. Hertzog Venter | |



die wapad


**Geen Verwarmers toegelaat?!**

Ontsteek 'n hopie KOLE, SMITSKOLE, of ANTRASIET van

**Stander & Linder**

Wolmaransstr. 77 Tel. 368, 367
in u kamer!





**MOENIE SOEK NIE!**

**'n Oud-P.U.-Kaner het dit REEDS gevind**

**Aptekers J. P. van der Walt**
(EDMS.) BPK.
POTCHEFSTROOM SE MODERNSTE APTEEK
Kerkstraat 118 — POTCHEFSTROOM — Telefoon 929



**AITSA!**

As die DAMES so sê
Koop die Jongeheer sy klere by—

**J. TOD SUTTIE**

Kerkstraat 177 — Tel. 1

Drink die beste!
- PEP-A-GUAVA
- PEP-A-DILLA
- TING-A-LING
- TOPHAT

PEP-I-DOO

S & S
Drink
- SUPER ORANGE
- FRESH ORANGE

Foon 16 en 1144 - - - - Posbus 134
**POTCH MINERAL WATERS**


## A.S.B.-KUNSFEES

**Weer eens sal daar gedurende die duur van die A.S.B.-kongres 'n kunsfees gereël word. Die doel van die kunsfees is tweeledig:**

(i) om 'n bydrae te lewer tot die bevordering van die Afrikaanse kultuur;

(ii) om 'n geleentheid te skep vir die keur van Afrikaanse studente om saam op te tree en mee te ding.

Die sukses van hierdie kunsfees hang alleenlik van die A.S.B.-lede af. En aangesien die A.S.B. hom daarop beroem dat hy 'n kulturele strydorganisasie is, is dit die taak van die A.S.B.-lede om hierdie aanspraak te verwesenlik. Dit kan u doen deur heelhartig aan die A.S.B.-kunsfees deel te neem.

Die A.S.B.-kunsfees sal plaasvind van 31 Maart tot 3 April by die Normaalkollege, Pretoria.

Die volgende kompetisies word aangebied:

(i) Beeldende kunste:
skilderye/olieverf, waterverf,
houtskool;
beeldhouwerk;
pottebakkery;
kunsnaaldwerk;
leerwerk;
piouterwerk;

(ii) fotografiese uitstalling:
kleur;
swart-en-wit;

(iv) voordrag:
poësie,
prosa,
monoloog,
konsertvoordragprogram;

(v) redenaarskompetisie;

(vi) volkspele;

(vii) letterkunde:
kortverhaal,
essay,
poësie;

(viii) koorkompetisie;

(ix) kwartet en duet;

(x) solo-sang;

(xi) instrumentaal:
klavier,
viool,
ensemble.

U word versoek om daarop te let dat voor 15 Maart ingeskryf moet word. Vir volledige besonderhede en inskrywingsvorms kan u skakel met:

Mnr. P. H. van Heyningen, Dawie du Plessis-Huis;
Mnr. F. R. P. de Bruyn, Uitspan 16;
Mej. S. Veenstra, Klawerhof.

Ons vertrou dat ons u volle samewerking in die verband sal geniet.




Merkwaardig!
Vriendelike diens!
Vriendelike mense!

**Die SENTRALE GARAGE**

Potgieterstr. 39. Tel. 41
VANSELFSPREKEND!




## REDAKSIONEEL
### VERBODE LEESSTOF

U moet nou maar daaraan gewoond raak.

Hierdie kolom word nie gelees nie.

Dit is 'n gedeelte van hierdie offisiële publikasie wat altyd afgesonder word vir die Hoofredakteur om sy sê te sê. En ek daag u: wys vir my die Hoofredakteur wat iets het om te sê en wat dit op **so** 'n manier kan sê dat 'n gewone, doodnormale sterfling met 'n opgewonde gevoel in sy binneste kan uitroep: „Hêng, hier's weer 'n brokkie van die Hoofredakteur — kom ons lees dit eers, en dan kyk ons 'n bietjie later of Tarzan al die leeu doodgemaak het."

Dit **gebeur** eenvoudig nie.

En as dit met u gebeur, dan is u geklassifiseer as 'n abnormale studiositeit; een van daardie vreemde skepsels wat belang stel in dinge waarin mense **nie** belang stel nie. Een van daardie onvoorspelbare wesens wat gereeld so ver gaan om selfs die voorwoorde tot boeke te lees.

En dan verwelkom ek u met 'n sug in my leserskring.

U is dan die gehalte van verstandelike bekwaamheid waarvoor ek die res van die jaar sal moet skryf.

U sal verstaan dat ek nie kan sê dat dit vir my aangenaam gaan wees en dat ek dit gaan geniet om vir u te skryf, en nog meer van daardie diplomatieke bluf wat gewoonlik onder sulke omstandighede kwytgeraak word nie.

Kyk, ek is miskien nie vreeslik briljant nie maar ten minste eerlik. Ek sê nie dinge wat nie so is nie.

Want u is die bevolkingsgroep aan hierdie plek wat die oorsprong gaan wees van ellelange, noukeurig uitgewerkte dokumente met die algemene opset van . . . „Meneer, jou blad is vaal en vervelig. Kan u nie miskien iets aan die saak doen nie. Ek stel voor dat . . . ."

Een dan behels daardie voorstelle nie wenke wat ek met die blad moet aanvang nie — nee, die wenke vertel my wat ek met myself moet aanvang.

Eienaardig hoe gevaarlik die stokperdjies is wat vir Hoofredakteurs uitgedink word . . .

### Die Teerpad.

Verskoon asseblief dié opskriffie. Dis slegs die opborrelende idealisme in my. Miskien in die verre toekoms — wie weet . . . . ?

In elk geval, hiermee dan DIE WAPAD soos hy min of meer gaan lyk in 1959. Hy het heelwat lyf aangesit en sal gevou moet word voor hy by die bek van die stoof sal wil ingaan.

Miskien verskaf dit rede om die ding liewers te lees.

Voorspoed!

### Welkom Terug!

'n Stewige handdruk aan u, geagte Oudames en Ouhere. Sterkte vir die akademiese jaar wat in Oktobermaan 'n aanvang neem.

Hartlike gelukwense aan u wat, getrou aan die tradisie, die akademiese jaar 1958 met sukses voltooi het.

My bewondering vir u, die Rewolusionistiese Element — die kern van ons volk — wat besluit het dat die Toekoms en die Ideaal van Vooruitgang van Volk en Vaderland 'n stewiger agtergrond van u vereis en dienooreenkomstig besluit het om die dosente weer 'n slag te kom bepreof op verlede jaar se lesings. U finansiële hulp en morele ondersteuning sal nooit versmaai word nie.

### Ons Eerstejaars.

Nou toe nou.

### Vivat Academia!

En nou vir die steil pad na die einde van die jaar. Ons hoop DIE WAPAD sal 'n bruikbare metgesel wees!

# *Vooruitgang van Natuurwetenskap en Tegniek en Sedelike Agterstand*

— **PROF. DR. H. G. STOKER.**

MERKWAARDIG IS DIE VERBASENDE ONTWIKKELING VAN NATUURWETENSKAP EN TEGNIEK SINDS DIE RENAISSANCE EN VERAL IN DIE LAASTE DEKADES. HIERDEUR HET DIE MENS 'N ONTSETTENDE BESKIKKING OOR GEWELDIGE NATUURKRAGTE VERKRY.

**Merkwaardig ook is die angs waarmee die huidige mens hierdie toenemende magsbeheer oor die natuur bejeën. Hy vrees die misbruik wat die mens hiervan sal maak, en die ontsettende onheil wat die gevolg daarvan sal wees. Want — so word dit dikwels gestel — die sedelike ontwikkeling van die mens vertoon 'n agterstand in vergelyking met sy ontwikkeling op die gebied van natuurwetenskap en tegniek.**



Daar is dan ook bekende navorsers en tegnici wat weier om met atoomvorsing en projektielvervaardiging respektiewelik voort te gaan in die oortuiging dat die mens van die resultate daarvan misbruik sal maak. Ook soek leiers en bewegings (bv. die „moral rearmament") weë om die mens sedelik vinniger te laat ontwikkel en die misbruik sodoende te voorkom.

IN HIERDIE SO WYD VERBREIDE BETOOG IS RAAR IETS WAT NIE KLOP NIE.

Dat natuurwtenskap en tegniek tot voorheen onvermoede hoogtes ontwikkel het, dat die mens tans oor geweldige natuurkragte beskik, dat hy hiervan misbruik sal kan maak en daarmee selfs die bestaan van die mens (ja, so te sê van alle lewe) op aarde bedreig word, dit alles moet ons toegee. Vir die genoemde angs van die huidige mens bestaan daar voldoende rede.

Die oortuiging egter dat in teëstelling tot die ontwikkeling van natuurwetenskap en tegniek die mens as sedelike wese nog nie voldoende ontwikkel het nie en 'n agterstand vertoon, is 'n valse probleemstelling wat wortel in 'n valse evolusionistiese progressie-ideaal.

Die ontwikkeling van natuurwetenskap en tegniek is **akkumulatief-progressief** met die telkens **nuutste** ontdekking en **nuutste** uitvinding as die belangrikste. Hierop het ook dr. T. E. W. Schumann in sy onlangse gradedaglesing alhier gewys. 'n **Vermeerdering** van ontdekking van feite, van verklarings, van uitvindings en van tegniese beheersing van die natuur het plaasgevind.

Maar is die geskiedenis (resp. ontwikkeling) van die mens op ánder gebiede (w.o. die van die sedelike) ook **akkumulatief** - progressief, of vertoon die ontwikkelingsgange daar ánder trekke?

Reformasies op godsdienstige en teologiese gebied wil telkens weer na die **oorspronklike** bronne, die heilige geskrifte, **terug**keer en hieruit nuwe sin en nuwe lewe verkry. Op wysgerige gebied tref ons dikwels **herhaling** van dieselfde fundamentele prinsipes aan; vergelyk maar die materialisme, vitalisme en idealisme van vroeëre tye met die van latere datum; dit is die geval, al word die latere stelsels anders en meer verfynd uitgebou. Op die gebied van kuns het **ouere** kunsstukke dikwels meer waarde as nuwere, en 'n groot kunsstuk as sodanig behou sy waarde vir **alle** tye. Nie alle historiese voortgang is **akkumulatief-**progressief nie; en so ook nie die van die sedelike nie.

Met die gang van tye tref ons in die geskiedenis van die sedelike afwisselend vervlakking en verdieping, ontkragting en intensifiëring, oorgang tot die goeie en tot die slegte aan; en die verwesenliking van sedelike deugde en eerbiediging van sedelike pligte **akkumulatief-progressief** kan ontwikkel? Ons kan dan ook nie die standpunt van die liberalistiese humanisme onderskrywe wat aan die inherente goedheid en gaafheid van die mens glo en die ideaal van 'n progressief toenemende perfeksionisme huldig, 'n ideaal wat in die mate verwesenlik sou word as wat die mens as redelike wese ontwikkel nie. Vir hierdie etiese optimisme gee die wêreldgeskiedenis en die gebeure in die laaste wêreldoorlog te min grond. Die mens is nou eenmaal 'n sondaar, en hy word nie deur 'n akkumulatiewe progressie van sy sonde bevry nie. Dit leer juis Gods Woord ons.

Die spanning tussen magsbeheer en magsmisbruik is eeue oud en universeel: dit omvat alle terreine van die menslike lewe. Let maar op misbruik van politieke mag (ek neem net die Kommunistiese staatsdwang in staatskole), van militêre mag, van ekonomiese mag, van etikette- en modemag, van mag wat huwelike ondermyn en gesinne verbrokkel, en so voorts. Daarom is dit verkeerd om die onderhawige vraagstuk, soos so dikwels geskied, te isoleer en te beperk tot die van vooruitgang van natuurwetenskap en tegniek en sedelike agterstand; al is die besondere klem hierop verstaanbaar, omdat die mens nog nooit oor sodanig geweldige natuurkragte beskik het nie.

As ons op die toenemende ontkerstening van die mens in die laaste tye let asook op die tans so duidelik sigbare sedelike verval, sou gevra kan word of en in hoeverre juis die ontwikkeling van natuurwetenskap en tegniek daartoe bygedra het.

**"In the decline of ethical standards which history of the past fifteen years has exhibited, it is not difficult to trace the influence of mechanistic and deterministic concepts, which have unconsciously, but deeply, crept into human minds. That this would be the consequence of nineteenth century scientific thought, with its subsequent visible destruction, was predicted by Dostojewski eigthy years ago."** Heitler in Einstein, The library of living philosophers, Tudor Publ. Coy., New York 1951, bl. 196).

Kan die denaturering van die mens tot dier, soos die klassieke evolusionisme dit stel, bevorderlik wees vir 'n hoogstaande sedelike lewe? Meer voorbeelde kan gegee word. Met ander woorde, waarskynlik het die o n t w i k k e l i n g van natuurwetenskap en tegniek (onbedeeld) juis tot die huidige sedelike verval bygedra. Dit werp 'n pikante lig op die gewraakte valse probleemstelling. Ons moet egter ons perspektief behou. Die krisis in die huidige natuurwetenskap adem 'n ander gees as die gees teen die einde van die negentiende eeu. Maar — en dit is van besondere belang — tot die ontkerstening en ontpersoonliking asook ontsedeliking van die mens het álle menslike kringe, en nie net die van natuurwetenskap en tegniek nie, direk of indirek, bygedra, w.o. die ontwikkeling van teologie en wysbegeerte, van politiek en ekonomie, ja, selfs van die kuns. Om die natuurwetenskap en tegniek as sondaar uit te sonder is onredelik. En ook mag ons ons oë nie sluit vir die ryke seëninge wat juis ook natuurwetenskap en tegniek ons gebring het nie.

Die betoog is: Om vooruitgang van natuurwetenskap en tetgniek teenoor 'n ontwikkelingsagterstand van die sedelike te stel is 'n valse probleemstelling. 'n Sprekende voorbeeld van hierdie foutiewe kyk op sake bied H. Dingle (**The scientific adventure;** Pitman & Son, London, 1952; bl. 338):

**„There is a sort of race between scientific progress and ethical progress, in which the former at the moment appears an easy winner."**

(Vervolg op bl. 4)

# VAN STUDENTE-RAADSWEË



Met dat die eerstejaars hulle voete op die campus neergeplaas het, was die Studenteraad ook reeds hier om hulle te voorsien van die nodige knopies en inligting betreffende die studentelewe in die algemeen en eerstejaarslewe in die besonder.

So tussen ontgroening en inlywingsprogramme deur was daar egter veel te doen: Die ondervoorsitter, mnr. Abie Helberg, deel mee dat 'n kommissie bestaande uit mnrr. J. H. van Wyk, Jan van der Schyff, Maarten van der Walt en mej. H. van der Dussen hulle besig hou met die hersiening van die studentehandboek. Langs hierdie weg dan ook weer 'n beroep op die verskillende verenigings en besture om hulle reglemente so gou moontlik te hersien en die resultate by die S.R.-kantoor in te handig.

Die kommissie wat verlede jaar deur die Studenteraad aangewys is in verband met die oprigting van 'n ontspanningsaal, sit hulle werk in dié verband voort. Hulle geledere is egter 'n bietjie uitgedun deur persone wat ons verlaat het, en nuwe lede sal moet aangewys word.

Die gesagsbeginsel geniet ook weer die aandag van die Studenteraad. Die voorsitter, onder-voorsitter en mnr. J. H. van Wyk vorm 'n kommissie in dié verband.

Mnrr. L. A. S. van Wyk en A. G. C. Yssel is afgevaardig na die S.A.B.R.A.-kongres te Durban, wat op 3 April sal plaasvind. Ons wens hulle alle sukses toe.



'N DAG OM TE ONTHOU!

□

MET 'N FOTO

□

VAN

BEYERS CLAASSEN

# KUNSBROKKIES

## ETIKET BY KONSERTUITVOERINGS

ONS OUERE STUDENTE hier op die P.U. weet natuurlik al uit ondervinding hoe om na musiek te luister, maar ter wille van die verpletterende hordes eerstejaars bied ek u 'n bespreking van die probleem.



Voordat u na die konsertsaal gaan, moet gesorg word vir iets om te eet — sodat die innerlike mens versterk word om die musiek te kan verduur. Koop gerus daardie soort lekkers waarvan elke lekkergoedjie met 'n aparte stukkie selofaanpapier toegedraai is; sodat u die orkes wellustiglik kan bystaan met die kastinetgefrommel van die papiertjies. As u dink dat die „piannissimo"-passasie te yl is, kan u gerus die lemonadebottel met 'n hol geroggel oor die vloer laat galoppeer en ook sommer dan die asbak met 'n oorverdowende „fortissimo" laat neerkletter. Hierdie bydrae van u sal beslis 'n „bravo" of 'n „encore" verdien.

Dan is daar die kwessie van hoes. Dis 'n baie fyn kuns om gedurende 'n uitvoering te hoes. As u nou gaan hoes wanneer die orkes met volle volume die dak van die konsertsaal probeer lig, help dit niks nie . . . niemand gaan weet dat u gehoes het nie, en u gaan daar sit met 'n verydelde gefrustreerde gevoel in u hart. Hoes liewer slegs gedurende stilpassasies — dis effektiewer. U sal ook alle krediet daarvoor ontvang as u daardie aamborstige hoesie kan omskep in 'n „pizzicato"-effek.

U kan gerus die dirigent help om tyd te hou, hetsy nou met die kop, voete of vingers — sodoende openbaar u dan u goeie musiekaanvoeling. Neurie gerus saam met die orkes: dit toon dat u die orkeswerk deur en deur ken; en moenie bekommerd wees as u vals klink nie: die mense rondom u sal spoedig besef dat u besig is om die minder belangrike akkoorde te versterk. Aanskou dan maar gerus die bewondering op hulle gesigte.

Tydens 'n konsertuitvoering moet die amp van publieke kommentator nooit ongevul bly nie. Indien u enige aanleg in die rigting het, het u 'n baie goeie geleentheid om u talente hier te ontwikkel. Hier hoef u humorsin geen paal of perke ooit te ken nie, en sulke aanmerkings soos „haar hare lyk soos ons ou verestowwer . . . ", word baie gewaardeer.

Die deelname aan die applous is ook maar 'n netelige sakie. Met u rypere intellek behoort u nooit entoesiasties aan die applous deel te neem nie, want almal weet mos dat leë blikke die grootste geraas maak. Om in die middel van 'n nommer te begin hande klap is fataal. (Indien die ongeluk u egter tref en u begin „encore", „boo . . . ", voete stamp of hande klap, moet u maar net bloos, baie gepynig en verontwaardig lyk en vererg na u buurman kyk). Tydens die verskillende „bewegings" van 'n orkeswerk sal u oplet dat die orkes ophou speel en die mense nie hande klap nie. Dit is dan u kans. U kan vingeralleen vir 'n wyle hande klap en aantoon hoe dit eintlik gedoen behoort te word.

In u bespreking en kritiek wat na die uitvoering volg, moet u slegs die dirigent prys indien hy 'n puik gimnastiekvertoning voor sy orkes gelewer het. Dra sorg dat u die solis fyn dophou. Veronderstel dit was 'n violis: Het hy mooi ritmies agter sy viool aangekronkel? En die sanger: Het hy sy vuiste heftig gebal en met tandeknersende beslistheid gesing? Was die pianis se hare behoorlik deurmekaar aan die einde van die uitvoering, en het sy mansjetknopies gebreek? Dit alles is natuurlik kenmerke van goeie, vurige vertonings.

Ek hoop dat ek 'n paar van u probleme opgelos het!



# PROF. SCHULZE TREE AF

## Sedert 1915 op Potch.

Prof. dr. H. G. Schulze, jarelange hoof van die Departement Duits, het aan die einde van 1958 die tuig neergelê. Hy sal egter nog gedurende 1959 hulpdiens in die Departement verleen.

Prof. Schulze is sedert 1915 in Potchefstroom gevestig, eers as onderwyser aan die Hoër Gimnasium en sedert 1920 as lektor en later professor aan die Universiteit. Hier het hy byna 40 jaar lank onvermoeid gearbei.

### KONVOKASIE.

Die selfstandigwording van die Universiteit op 17 Maart 1951 het die amp „President van die Konvokasie" meegebring. Prof. L. J. du Plessis, die eerste President, het hierdie amp 7 jaar lank beklee. Met sy verkiesing tot Dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe het hy dit neergelê. Sy opvolger is prof. Schulze, wat dus voortaan hierdie baie verantwoordelike amp in die bedrywighede van die Universiteit sal beklee.

### ONTGROENING

(Vervolg van kol. 5)

in die verlede gelewer is) in die geheime van doelsfaktore (1) en (2) ingelei kan word.

Dit skakel daardie aksies met die **liggaamsbeserende ongerymdhede** en daardie verwaterde aksies met die **eerstejaarsvermakende (wan)- praktyke** van die **moderne inlywing** uit. En as dit op die regte wyse (wat **ek** nie graag sou wou voorskryf nie!) uitgevoer kan word onder die nodige toesig, mag ons moontlik meer welslae met ons **ware ontgroeningsdoel** behaal en mag die eerstejaars wat dit deurloop, moontlik beter ouhere en -dames wees as diegene aan wie se voete hulle gesit het.



# STANDPUNTE EN STELLINGE



## ONTGROENING, INLYWING OF TOELIGGENDE VERWELKOMING

ID. VAN DER WALT

Weer eens het 'n nuwe akademiese jaar aangebreek en daaruit voortvloeiende: die koms van 'n nuwe groep eerstejaars.

Dus — ONTGROENING!

En by geleentheid van hierdie tradisionele aksie hoor ons gereeld die nou alreeds geykte uitdrukking: „Dis nie ontgroening **hierdie** nie. Jy moes in **my** eerste jaar gesien het!"

As hierdie stelling waarheid inhou (en na 'n aantal jare van noue kontak met ontgroenings- en inlywingsaksies glo ek dat dit wel so is), beteken dit dat ons ontgroeningstelsel elke jaar meer en meer verswak en verwater. Dis 'n proses wat deels bevorder word deur die strenger houding wat deur die universiteitsowerhede ingeneem word, deels deur die bloed van die oudames en -here, wat by die dag meer in water verander! Dis 'n proses wat die **ontgroening** van ouds verander het in 'n hedendaagse **inlywing.**

Om 'n behoorlike **post mortem** oor hierdie saak te hou, moet ons die **ontgroening/inlywing** in sy wese ontleed. Wat is die **doel** van ontgroening? Waarom bestaan daar so iets aan universiteite?

Myns insiens (om nie op die historiese aspek van die saak in te gaan nie) dien ontgroening 'n vierledige doel — en dan bepaal ek my by hierdie aksie soos dit spesifiek aan die P.U. vir C.H.O bestaan: eerstens, om die besondere gees en rigting van ons Universiteit by die eerstejaar tuis te bring; tweedens om die eerstejaar bekend te stel met die omvang en strekking van ons studentelewe; derdens om beide ouheer (-dame) en eerstejaar geleentheid te bied om mekaar van nader te leer ken; vierdens om daardie hooghartige houding, daardie gevoel van „ek is nou ,onaantasbaar' volwasse", wat ons gewoonlik die matriekkompleks noem, by die eerstejaar te verwyder of uit te dryf.

Nou is die kernvraag: Beantwoord ons ontgroenings-/inlywingstelsel aan hierdie vierledige doel? En dan is die antwoord: Ja én Nee.

Enersyds beantwoord dit wel daaraan deurdat die gees en rigting van ons Universiteit sowel as die omvang en strekking van ons studentelewe by die eerstejaar tuis gebring word. Beide hierdie faktore word egter gedek deur die voorligtingslesings van studenteraadslede, **wat nie noodwendig deel van 'n ontgroeningsaksie hoef uit te maak nie.**

Andersyds mis dit die ware doel geheel en al en werk dit tewens net ongerymdhede en wanpraktyke in die hand deurdat die uitkenningsparades tot mislukking gedoem is weens die groter wordende getalle van die eerstejaars en deurdat die ware doel van die verwydering van die sogenaamde matriekkompleks vervang word deur 'n nuwe selfgeskape doel, naamlik pret en vermaak vir ouhere en -dames in 'n liberalistiese gees, wat in werklikheid uitloop op vermaak vir die eerstejaars, byvoorbeeld die aksies wat gedurende die week van ontgroening in die studentesaal aangebied word.

Hoe kan ons hierdie ondergaande stelsel verbeter?

Nou weet ek dat ek my op 'n bitter gevaarlike terrein beweeg, net soos wanneer dit kom by die dra van kortbroek en kleurbaadjie of dirigentskakery. U moet hierdie siening egter beskou in die lig van kritiek op die afgelope ontgroening (en ander) en nie as 'n direkte aanbeveling vir die toekoms nie. Die saak dra immers soveel gewig dat ons ons nie blind kan staar teen 'n tradisie van sadisme en persoonlike genot nie!

Sou ons die ontgroening heeltemal afskaf, sou dit ons niks baat nie. Wel sou dit ons 'n geslag van eerstejaars besorg — onkundig, bedorwe en onwaardig — wat later sal word ouhere en -dames met dieselfde eienskappe.

Sou ons die ontgroening beperk tot en verdeel onder die koshuise (met 'n spesiale program vir dorpseerstejaars), sou dit ongewenste koshuiskompetisie en -skeiding in die hand werk wat skadeliker vir ons studentelewe kan blyk as selfs die gehele opheffing van die ontgroening.

Stel ons egter 'n nuwe aksie in — noem dit 'n **toeligtende verwelkoming** of nog ontgroening of inlywing, as u wil — waartydens die eerstejaars wel deeglik moet besef, **vanaf die oomblik dat hulle hier aanland,** dat hulle hier as **minder as niks** beskou word, en sodoende, op heel natuurlike en effektiewe wyse ontroof word van daardie matriekkompleks; waartydens hulle (dore en drake) kennis kan maak op 'n gelyke maar tog gesegregeerde basis (**hoe** weet ek self nog nie duidelik nie), om aan die tweede doelsfaktor te voldoen; waartydens hulle deur goed georganiseerde en interessant opgediste voorligtingslesings (sonder enige kritiek op lesings wat

(Vervolg in kol. 3)



Baie drake het Vrydagnag 'n modderdood gesterf.

# melkkos . . . . . . en korsies



## *Verlief, Verloof,*

X X X X X



X X X X X

## *Gekys, en so voorts*

Ten spyte van 'n akademiese tuig wat plek-plek alweer begin skaaf, kan die ou-dames en ou-here nie uitgepraat raak oor die resultate van 'n lang vakansie nie. 'n Paar groot gebeurtenisse verdien sekerlik ons aandag.

**Mej. Ester Buitendag** het op 'n goeie somerdag met die nodige formaliteite sommer mev. De Vos geword. Aan **mnr. en mev. Wouter de Vos** ons gelukwense met hul huwelik. Na verneem word gaan hulle eersdaags in die „Shine"-gebou hulle intrek neem. Dit is egter nog nie bekend onder watter snoekertafel dit sal wees nie.

Nog twee Pukke het hulle in die vakansie bewerig voor die preekstoel bevind. **Flip Linde** het daarin geslaag om **mej. Betsie Kruger** om te praat om sy eensaamheid te verlig. Hartlik geluk, mnr. en mev. Linde. Mnr. Linde meen dat sy studie daarby sal baat, aangesien sy eggenote 'n onderwyseres is. Ons hoop maar sy spaar die roede!

### WETTIGE DIAMANTSMOKKELARY!

'n Verskynsel wat al 'n paar jaar gelede sy kop hier begin uitsteek het, het die laaste tyd onrusbarend toegeneem. Ons verwys na die ongekende toetrede tot die diamanthandel deur Pukke. Die lang vakansie voorsien seker die nodige kapitaal vir die ondernemings.

**Ria Kruger** het op die manier 'n pragtige diamantring bekom. **Ammi van Wyk** het as agent in hierdie transaksie opgetree, en nou is hul'e verloof.

**Jan van der Schyff** het ook geen „steen" onaangeroer laat bly nie, maar al sy moed en „dollars" bymekaar geskraap en die Administrasiegebou stormgeloop met die gevolg dat die „regte" vinger van **mej. Francina van der Walt** se linkerhand nou „omring" is.

**Petro Robbertse** het daarin geslaag om die ou veteraan, **ds. Stoney Steenkamp,** in Germiston se juweliers te laat belangstel. Hy is glo glad nie van plan om die pastorie as 'n soort enkelkwartier in te rig nie.

Verlede jaar se hoofredakteur van DIE WAPAD het aansoek gedoen om 'n permanente onder-redakteurskap elders. **Dries Myburg** se aansoek is glo gunstig oorweeg deur **Susan Viljoen,** en hy moet nou net die „proeftydperk" deurmaak om sy permanente aanstelling te kry.

So het die helde geval. Namens ons lesers (ook dié wat net prentjies kyk) wil ons die genoemde pare hartlik gelukwens met hul onderskeie verlowings.

### HET U GEWEET . . . . .

Dat meer as twee ton papier verbruik word vir die volgende uitgawe van „Die Pukkie"?

## Agter die Hoofgebou

Ons haal ons hoede af vir die maan wat gedurende die vakansie weer 'n hele paar vuurpyle gepypkan het om weer op sy pos te wees. **Maarten van der Walt** en **Rita Vorster** het sommer gou hulle dankbaarheid betoon. 'n Geheim wat nog ontrafel moet word, is of hulle weer gekys is en of hulle net die status quo van die ou kys handhaaf..

**Japie Claassens** het verder dinge by ons bure gaan aanvang wat op 'n kys geëindig (?) het.

Met genoeë maak ons melding van die besonder groot persentasie kyste wat die vakansie oorleef het. Met lede oë aanskou ons 'n aantal „platoniese verhoudings" blykbaar tevergeefs. Daarom groet ons u nou om volgende keer heerlik te skinder oor „Goldrush"-hoogtepunte. Ons hoop die toustaners se moeite was nie tevergeefs nie.

(Laat berig: **Mej. Coti de Groot** en **mnr. Philip Hennop** kon toe nie wag vir die volgende WAPAD nie. Hulle wen.—Red.)

## *Tussen ONS gesê*



**Mnr. Hans van Zyl,** van die staatsdiens, is met 11 maande studieverlof om sy studie aan die Ekonomiese Fakulteit van die P.U. vir C.H.O. voort te sit.

**Mnr. Dries Yssel** moes weens die knellende droogte en dreigende roes al sy baard afskeer. Hy het aldrie glo aan die Puk se navorsingsinstituut bemaak.

**Mnr. Herman Venter**, wat 'n intensiewe ekonomies-sosiologiese studie van die onderwerp gemaak het, het die verrassende onthulling gedoen dat die Puk een van die duurste vakansieoorde in die land is.

**Mnr. Lood van der Merwe,** wat onlangs die pos „Pa van Vleuel" aanvaar het, verklaar dat hy intussen nog sy studie vir emirituspredikant sal voortsit.

**Mnr. De Wet Venter,** 'n afgetrede onderwyser, is nou weer verbonde aan die Fakulteit Opvoedkunde van die P.U. vir C.H.O. In 'n onderhoud het hy sy lang onderwysloopbaan kernagtig getipeer in die woorde van 'n ou Griekse filosoof:

„Seven pupils I have who list to my lore,

For the benches are three and the walls are four."

**Mnr. Frans de Bruyn,** die plaaslike voetbalkaptein, het die afgelope vakansie onverhoeds op die bofbalveld aan die brand geslaan. Die spel is vertraag, en mnr. De Bruyn het ligte skok opgedoen; origens is net geringe skade aan sy klere aangerig. Die oorsaak van die brand is nie bekend nie.

**Mnr. Van der Wateren** het na drie maande intensiewe navorsing op 'n pluimveeplaas met 'n volbaard teruggekeer om sy studie voort te sit.

**Mnr. Hennie Coetzee** moes twee weke gelede tevrede wees met 'n tweede plek op 'n skoonheidswedstryd. Na verneem word, het 'n ligte windjie een van sy hare net voor die beoordeling uit posisie gewaai.

**Mnr. Ben Potgieter** (B.A., U.O.D.) is van plan om vanjaar die Universiteitsdiploma in Biblioteekkunde te verwerf. Dié drastiese besluit het hy geneem nadat hy ná verlede jaar se eindeksamen die Biblioteek op die Puk-gronde ontdek het.

Daar was 'n konferensie vir keelspesialiste. Die bespreking was naastenby afgehandel, en die voorsitter het op sy voet gekom:

„U het die mosie gehoor, Menere. Sal almal ten gunste daarvan asseblief sê ,aaa . . . ' "

## hieroor en daaroor




### GEGROET!

Soos ek verlede jaar beloof het, gesels ons weer. Die Hoofredakteur het nie verskriklik entoesiasties gelyk nie, maar ek het nog nooit veel waarde aan 'n negatief geheg nie . . .

Maar dit lyk tog asoof hy dink dat u en ek goed oor die weg kom — en 'n Hoofredakteur is mos 'n spesie van 'n ding wat **nooit** entoesiasties mag lyk nie . . . dis glo nie tradisioneel nie!

Of is ek nou besig om myself moed in te praat?

### „UITVINDERS"

Ek wil onder meer graag in die vervolg in ons geselsies hulde bring aan 'n klein, geniale groepie manne en vroue waaraan die mensdom veel verskuldig is maar wat gedurende hulle leeftyd baie bespotting, vernedering en selfs ontberings moes verduur — om die blote feit dat hulle hulle tydgenote ver vooruit was.

Die uitvinders: pioniere op die gebied van kennis en ontwikkeling; mense wat die durf had om weg te breek van die sluier van bygelowigheid en wanbegrip van hulle tyd.

Ek dink dat u met my sal saamstem dat veel geleer kan word uit die gedrag van die massas en van die „geleerdes" van die tyd.

Want die toekoms lê nog voor.

U en ek gaan die „massas" en die „geleerdes" van more wees.

* * *

### PISCIS — DIE VIS.

'n Vis is nou maar eenmaal nie vir my 'n mooi ding nie. Dis mos mos al of hy jou met so 'n galsterigmisnoegde uitdrukking op sy bakkies lê en bekyk. Die ding het mos so 'n liederlike bek. En kyk hoe misnoegd vreet die ding as jy jou oor hom ontferm en 'n stukkie voedsel in sy habitat indoen.

Maar die liederlikste dierasie het ek nou die dag in 'n boek raakgeloop: sy onderste kaak is byna drie en 'n half-maal so lank as die liggaam en vol van sulke krom haaktande. Sy oë is twee los aanhangsels héél voor. Die hele verskynsel is swart met heldergroen en rooi kolle op.

Sy naam is glo Malacosteus Indicus Gunther.

En ek dink hy verdien dit.

Vir éénmaal het ek geen klagte teen die wetenskaplikes se naamgeëry nie.

* * *

Die verkeersinspekteur het in sy kantoor verskyn met 'n stuk of sewe, agt groot pleisters op sy gesig.

As antwoord op die vraende uitdrukkings op die gesigte van sy kantoorpersoneel het hy verduidelik:

„'n Kêreltjie van die barbierskool moes vandag sy finale eksamen op my gesig aflê.

Hy het gedruip."

### PITKOS.

Sommige sou minder dwaas gewees het as hulle minder geleer het.
— Paul Brulat.

Daar is baie meer miskende wolkoppe as miskende genieë.
— Otto Weiss.

'n Honger man is 'n humeurige man!


Uit die mond van die Suigeling



Dameth en Heerge

Die Bult Apteek

IS TOT U DIENS

Vlak onder u Neus

Tomstraat 86 Tel. 3091





JANET says:

for: • SWEETS
• GRILLS
• COOLDRINKS

Take me to the —

President Cafe.
Grand Cafe,
or Van Riebeeck Cafe.

## OUD-STUDENTE!



Daar is gesê dat iemand wat eenmaal in sy lewe student was — ware student was — in sy hart altyd die gees van student-wees in hom sal omdra.

In der waarheid is so 'n persoon nog 'n student — die enigste verskil is dat hy nou vir homself sorg en 'n verandering van status ondergaan: hy word 'n „normale mens" en, in uiterste gevalle, 'n „geleerde."

Ons kan en wil nog 'n studentegemeenskap wees met die eingste verskil tussen „u" en „ons" dan die verskil in status (quo!)

Daar is ongetwyfeld P.U.-studente in die lewe „daarbuite" wat nog met die oog en gees van 'n student sien en waarneem. Wat het van die „helmop" geword? Behoort die Kultus van die „Gaipe" dan nou aan 'n era wat nooit was nie?

Ons hier stel belang in u soos ons hoop u belang stel in ons en in alles rakende u Alma Mater.

Hierdie uitgawe van DIE WAPAD word gratis gestuur aan alle oudstudente van wie ons hier duskant iets kon agterkom. Ons verwag u intekengeld vir die res van die jaar per kerende pos.

Ja, ons weet van DIE VETERAAN! Nee, dis net u wat DIE VETERAAN ontvang — ons kry die blad nie hier nie.

Nee. Hierdie is **nie** 'n Klein Veteraantjie nie. Dis 'n rubriek in DIE WAPAD.

Rig u geskrifte en bydraes aan: Die Redaksie, per adres die Studenteraad, en wat daarop volg.

Onthou — dit is u en ons rubriek, maar veral u rubriek.

Ons sal u persklaar maak . . . nee, ek bedoel eintlik klaar vir die pers . .

— Lees die sin dan maar tot hy vir u reg klink . . . . !

## SKYFSKIET

Tydens 'n onderhoud met mnr. Johan van der Walt, lektor in Aptekerswese, het die WAPAD te hore gekom dat daar pogings is om 'n skietklub aan die P.U. vir C.H.O. tot stand te bring. Daar vind elke jaar 'n **Skiet-intervarsity** plaas, en dit sal die Puk in staat stel om ook hier sy kleure te wys. Die inisiatief van hierdie onderneming gaan uit van mnr. Johan van der Walt.

Hy het reeds met die Kampowerhede geskakel in verband met die gebruik van die Dirkie Uys-skietbaan, terwyl volle steun ook ontvang is van kapt. G. J. J. van Deventer en sy mense. As die nuwe klub die skuts kan voorsien, sal bogenoemde instansies en persone vir die nodige fasiliteite sorg.

Volgens mnr. Van der Walt is die plan om die klub so vroeg moontlik in die lewe te roep, aangesien hy die ideaal stel om vanjaar, gedurende April, reeds aan die intervarsity te Bloemfontein (skyfskiet) deel te neem. Belangstellendes in hierdie rigting moet maar die kennisgewingbord in dié verband dophou.

Die klub sal voorlopig selfstandig die mas probeer opkom maar is wel verseker van die Studenteraad se morele steun. Die stigter is blykbaar ook nie aan die slaap nie, want die baanbesprekings is reeds gedoen, en sodra die Aktiewe Burgermag die baan ontruim, sal die klub aan die werk kan spring.

Ook hierdie klub is oop vir personeel en studente.

Van die kant van DIE WAPAD-sportredaksie wens ons hierdie nuwe ondernemings in ons sportlewe alle sukses toe.

## Lektor in Plantkunde


DIE WAPAD dra graag sy hartlike gelukwense oor aan mnr. J. J. P. van Wyk, wat vanjaar benoem is as lektor in die Plantkunde aan die P.U. vir C.H.O.

Mnr. Van Wyk is gebore te Rustenburg op 1 Mei 1934 en het in 1952 aan die Rustenburgse Hoërskool gematrikuleer. Hy behaal die B.Sc.-graad aan die P.U. in 1955 en Honneurs-B.Sc. in die daaropvolgende jaar.

In 1957 doseer hy deeltyds in die afwesigheid van dr. Papendorf, wat in Holland was vir verdere studie in die Mikrobiologie.

In 1958 is hy weer deeltyds op die personeel en handel M.Sc. af. Hy is tans besig met die finale verwerking van die verhandeling. DIE WAPAD verneem dat 'n Uniebeurs in 1957 aan hom toegeken is om 'n nuwe vak — Bodemkunde — in Europa te gaan bestudeer, en ook in 1958 'n Nederlandse studiebeurs om in Plantkunde te gaan doktoreer.

Mnr. Van Wyk se voorneme om die begin van hierdie jaar aan Groningen en Utrecht te begin studeer, tesame met nagenoeg £1,000 aan beurse, moes as gevolg van die lektoraat op die lange baan geskuif word.



MNR. VAN WYK.

## PLUIMBAL


Eerskomende Maandag, 9 Maart, om 1.30 nm. sal daar in die Studentesaal oorgegaan word tot die stigting van 'n **pluimbalklub** aan die P.U. vir C.H.O. Die aksie gaan uit van mnr. Koos van Wyk, lektor in Plantkunde, en mej. Irma Schoeman.

Daar bestaan reeds 'n Wes-Transvaalse Pluimballiga, waaraan verskeie Potchefstroomse klubs deelneem, t.w. Potch.-Dorp, Proefplaas en so meer. In 'n onderhoud met mnr. Van Wyk is verneem dat daar reeds met hierdie klubs geskakel is en dat die nuwe stap verwelkom word. Daar sal dadelik by die W.T.-liga ingeskakel word, en die P.U.-klub sal poog om ook vanjaar reeds aan die kampioenskappe deel te neem.

Hoewel daar dwarsdeur die jaar, somer en winter, oefeninge sal plaasvind en aan wedstryde deelgeneem sal word, is die hoofdoel van die nuwe klub om 'n sportsoort te bied wat **ontspanning** aan sy lede sal verskaf. Dit is 'n binnenshuise sport wat beslis daartoe kan bydra om **die gees tussen die mans en die dames grotendeels te verbeter,** aldus mnr Van Wyk.

Op die stigtingsvergadering, waar alle belangstellendes hartlik welkom is, sal 'n voorlopige bestuur of reëlingskomitee saamgestel word, wat 'n konsepkonstitusie sal saamstel. Die stigters het reeds met die S.R. onderhandel, en sodra die klub bewys kan lewer dat dit sterk genoeg is, sal daar gepoog word om dit onder patronaat van die Studenteraad te stel.

## Briewe van . . . Ons Kritici en ander lesers



Reitzstraat 55,
2 Maart 1959.

Geagte Redakteur,

Met die onlangse inlywingsaksies het daar dinge voorgekom wat die naam van ons Alma Mater beslis nie waardig is nie.

Waar die fout lê, is nie baie duidelik nie. Dit kan lê by swak toesig oor die aksies of op die terrein van die gewete van die individue wat hulle daaraan skuldig gemaak het. Ons oordeel dat dit by lg. lê. Van die Studenteraad kan nie verwag word om oor elke besonderheid toesig te hou nie.

Hierdie mense wat hulle aan swak gedrag skuldig gemaak het, is van ons senior studente, wat weet watter standaarde ons voor oë stel met die inlywingsaksies, d.w.s. s'egs geestelike ontgroening en geen liggaamlike leed nie. Dit is egter persone wat heel waarskynlik aan een of ander psigiese afwyking ly en wat geen beheer oor hulleself het om hulle sadistiese drange en drifte in bedwang te hou nie.

Indien hierdie mens hulle nie self in bedwang kan hou en nog strenger beheer op diesulkes toegepas kan word nie, dan moet die inlywingsaksies liewer in die ban gedoen word.

Dit is geensins die doel van ons skrywe om te pleit vir die afskaffing van die inlywingsaksies nie; inteendeel, ons is groot voorstanders daarvan. Maar as die toestande nie verbeter nie, wel . . . .

Die uwe,
Gert van der Walt.
Kobus Schutte.

27/2/1959

Meneer,

Graag wens ek die Studenteraad van harte geluk te wens met hulle uitstekende ontgroeningsprogram. Hulle oorspronklike idees en variasie in die aksies het die ontgroeningsperiode 'n werklik aangename tyd gemaak. As een van die „ou" ouhere kan ek hulle meedeel dat episodes soos die treinry, die gradeplegtigheid en die dinee op so 'n realistiese wyse deurgevoer is dat ek hierdie inlywingsprogram as die beste beskou waarvan ek kennis dra.

Ek dank u vir plasing
'n Ouheer.


DIENS!



OP DIE PUNTE VAN ONS VINGERS . . .

Mooirivier-Apteek

Kerkstraat 205. Telefoon 380.

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG"

BESOEK —

INGRAM SE DRANKWINKEL

Allerlei • WYNSOORTE, BIER en STERKDRANK

asook • KOELDRANKE en VARS LEMOENSAP

(5/- 'n halwe kan — 9/6 per gellingkan)

„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN"

# „Atletiek MOET Ontslae raak van Minderwaardige Posisie"

— Dr. TALJAARD.

## Oplewing vanjaar baie Belowend

UIT ONDERHOUDE MET DR. JAN TALJAARD, AFRIGTER, EN MNR. KOTIE DE JAGER, KAPTEIN VAN DIE P.U.-ATLETIEKKLUB, BLYK DAT DIE MATE VAN OPLEWING WAT VERLEDE JAAR IN HIERDIE SPORTSOORT WAARNEEMBAAR WAS, VANJAAR DUI OP DIE BEREIKING VAN ONGEKENDE HOOGTES.

Dr. Taljaard het gesê dat atletiek nog altyd 'n sukkelbestaan moes voer weens 'n gebrek aan belangstelling, beide van student en dosent. Vanjaar, met die nuwe talent onder die eerstejaars en die verrassende ontluiking van latente talent onder die oudames en -here, **moet** atletiek die posisie inneem wat hom waardig is onder die ander klubs van die S.S.B.

As mens met mnr. Kotie de Jager gesels, bewe hy so van opgewondenheid dat jy skaarts 'n woord uit hom kan uitkry! Hierdie klub het vanjaar beslis groot planne; en met die ywer en entoesiasme waarmee die bestuur sy taak aanpak, behoort die nodige sukses behaal te word.

**PUKREKORD SPAT!**

Twee weke gelede het die P.U. 'n tweede plek behaal (52 punte) na P.O.K., tydens 'n atletiekbyeenkoms te Lichtenburg. Die voortreflike prestasies wat op 'n baie swak baan behaal is, is soveel dat alles onmoontlik gemeld kan word.

**Christo Thuynsma,** 'n jong atleet wat met die regte afrigting nog die **Groen en Goud** kan dra, het sy teenstanders oor die 220 treë met bykans 20 treë die loef afgesteek in 'n tyd van 23 sekondes (op 'n swak baan)! Tydens die eerstejaarsbyeenkoms het hy hierdie afstand in 22.4 sek. afgenael en die honderd treë in 10.0 sekonde, terwyl hy ook die 440 tree en die vérspring gebuit het.

Nog 'n eerstejaar, **J. van der Walt,** het die myl op Lichtenburg in 4 min. 41 sek. afgedraf — 11 sek. vinniger as die bestaande Pukrekord. Met die eerstejaarsbyeenkoms het hy dan ook die rekord laat spat met 'n ietwat stadiger tyd — 4 minute 44.4 sekonde, dog in hierdie wedloop het hy geen kompetisie gehad nie.

Ook die dames lyk baie belowend (ook op die baan!). **Alta de Kock** het op Lichtenburg die skryfwerp gewen met 'n worp van 102' 9", terwyl sy ook die gewigstoot gebuit het. Op die eerstejaarsbyeenkoms het sy die skryf 106' gewerp en die gewig oor die 32' gestoot!

Verdere vermelding verdien ouheer **Jack van Niekerk,** wat na drie jaar se rus 10' 3" in die paalspring behaal het. Wanneer hy fiks is, behoort Jack dit op te skuif na 12'.

Ander uitblinkers was: Kaptein Kotie de Jager (440 tree, 53 sek.), Margarethe Bingle (100 tree, 11.8 sek.), D. du Preez (vérspring), A. Heydenreich ('n junior wat sy eerste senior spiesgooi op Lichtenburg gebuit het), Lionel Philips (skyfwerp), Schutte (driesprong), Van Vuuren en Heystek (myl), hekkiesatlete Wena de Lang en mej. Howell, Piet van der Bank, Van Zyl en Fido Barnard.

Waarlik, die Puk se eerstejaars is 'n ware atletiek-„oes" in 1959. Dit is ook soos dit moet wees, want op hierdie wyse word die atletiekklub vir die toekoms gebou.

Daar is darem egter nog **ouhere** ook op die plek! Kotie de Jager, Mic Moolman, Dominee Els en Martiens du Plessis het die standaard aflos op die eerstejaarsbyeenkoms gewen in die goeie tyd van 3 min. 5 sek.

**Wie sê nou daar's nie Pukke wat die myl onder 4 minute kan hardloop nie!**

Id. W.

## *Dalrymple Vanjaar Hier*

Dat 1959 'n baie belangrike jaar in die annale van P.U.-atletiek gaan wees, ly geen twyfel nie. **Die Klein Dalrymple** (byeenkoms van noordelike universiteite) word op Pretoria gehou — heeltemal binne ons bereik, terwyl die eintlike Dalrymple, wat in werklikheid die Suid-Afrikaanse Universiteite-Atletiekkampioenskappe is, in April hier by ons op Potchefstroom plaasvind.

Dit bied geleentheid aan ons atlete om die naam van die P.U. op die atletieklandkaart te plaas. Natuurlik kan ons nie verwag dat hulle moet loop voordat hulle kruip nie, maar as in aanmerking geneem word dat P.O.K. ons verlede jaar met **sestig** punte geklop het, terwyl die verskil twee weke gelede slegs **elf** was, kan P.U. se Dalrymplepunte heel moontlik hoër styg as die vorige **een** (punt).



J. VAN DER WALT,
wat 'n Pukrekord oor die een myl opgestel het.

# SPORT EN 1959

## Boodskap van die S.S.B.-Voorsitter

Ons is weer terug in lekker ou Pukland na 'n lang vakansie, en almal is uitgerus. Pukke, wat hou 1959 vir ons in op die sportveld? Hierdie vraag moet elkeen van ons vir homself beantwoord. Vanjaar is die Intervarsity hier by ons, asook die Dalrymple en moontlik die S.A. Universiteite-tennistoernooi. Verder gaan ons deelneem aan die S.A.U.-toernooie in mans- en dameshokkie, tafeltennis en stoei en is daar die Wes-Transvaalse ligas wat wag. Maar ons kan nie met welslae aan al die wedstryde en toernooie deelneem as u, die **sportman en toeskouer,** nie ons sport steun nie.

Kom, Pukke, laat 1959 'n bobaasjaar wees in die sportgeskiedenis van ons Universiteit. Daar is elf sportklubs aan ons Universiteit, en dit is die plig van elke opregte P.U.-kaner om minstens een van hierdie klubs te ondersteun. Moenie die sport in die hande van 'n paar persone laat nie, maar laat ons die tyd **maak** om deel te neem. Onthou, hierdie klubs het ons almal se hulp nodig, want geen sportklub kan groei as dit nie lede het nie. Ons moet dus sorg dat ons krag aan ons klubs gee en sodoende help dat hulle die naam van ons Alma Mater waardig is.

**In al ons handel, SPEL en werk,**

**Hoor ons jou roepstem, magtig sterk . . . .**

Ja, ons Universiteit roep nie net in ons WERK nie maar ook in ons SPEL; en as ons hierdie Universiteit waardig wil wees, moet ons ook aan die roepstem in ons sport antwoord gee. Ook in ons sport kan ons die naam van hierdie Universiteit, met sy besondere roeping en wêreldbeskouing, aan die buitewêreld toon; toon dat hier 'n gesonde liggaam gebou word om 'n gesonde gees te huisves. Laat ons op die sportveld leer wat kameraadskap is, sodat die buitewêreld kan sê: Die P.U.-studentegemeenskap is kerngesond!

'n Besondere woord van welkom aan ons nuwelinge, die eerstejaars. Mag julle verblyf aan die P.U. aangenaam wees, en mag julle sportdae van die teerste herinneringe bly. Daar is geleentheid om aan elf verskillende sportsoorte deel te neem

(Vervolg volgende kolom)

(Vervolg vorige kolom.)

of daaruit te kies, en elkeen van hierdie klubs het ook julle nuwe bloed nodig. Op universiteit is daar tyd vir WERK én SPEL, en nie een van die twee mag verwaarloos word nie!

Dit is ook waar u u medestudente kan leer ken, want op die sportveld leer 'n mens hulle ken soos op geen ander plek nie. Vir 'n eerstejaar om hom aan sport te onttrek, is om hom te isoleer — en dit mag nie! Soos van elke seniorstudent is dit die plig van elke eerstejaar om aan sport deel te neem.

**Laat ons dan, Pukke, die sportbane in 1959 oorstroom en daarvan ook oop dié gebied 'n groot jaar maak. Laat die Kovsies voel: Pukland was ons BOBAAS!**

E. J. de Jager.

# SOMERSPORTSOORTE WEESKINDERS?

## Skerper Afbakening Noodsaaklik!

— ID. VAN DER WALT.

As ons die geskiedenis van sport aan ons Universiteit nagaan, sien ons — en dit is **herhaaldelik bewys** — dat die sukses van somersport aan ons Universiteit so skaars is soos eerstejaarmans aan die tafels van die ontheffingsdinee. Die verslae van toernooie en ander byeenkomste toon dat hierdie sportsoorte, sover dit die P.U.-spanne aangaan, uit die staanspoor tot mislukking gedoem was. Die siekte is dus daar, en die koors is gevaarlik hoog; dog om hierdie simptome te **diagnoseer,** is 'n perd van gans 'n ander kleur!

**LANG SOMERVAKANSIE.**

Vra ons ons af waarom rugby (as goeie voorbeeld van die wintersportsoorte) feitlik die enigste sport is waarin die P.U.-studente hulle in 'n mate KAN onderskei en die afgelope jare onderskei HET, is daar in die eerste plek die voordeel van 'n **aaneenskakelende seisoen.** Daar is weliswaar die kloof van die Julie-vakansie, maar dié kan maklik oorbrug word, soos bewys deur verlede jaar se toer deur Noord-Transvaal. Trouens, hierdie toer het hom as 'n absolute noodwendigheid vir ons spelkwaliteit geopenbaar.

Om egter 'n kloof van **drie** maande, soos in die geval van die somersport, te oorbrug, is 'n bykans onmoontlike taak. Veral as daardie drie maande voorafgegaan word deur eksamennagmerries en gevolg word deur ontgroeningskoors! Daar is net één oplossing, myns insiens — 'n oplossing wat ongekende ywer, opoffering en toewyding van die sportman gaan verg.

Hierdie elemente moet voortspruit uit 'n intense belangstelling en toegewyde liefde vir die betrokke sportsoort. En hierdie oplossing is geleë in aktivering van die sportman gedurende die lang somervakansie, wat grotendeels sal neerkom op **selfaktivering!**

**GEBREK AAN BELANGSTELLING.**

Die vraag is egter nou **hoe om hierdie belangstelling te wek!** Dit is iets wat ons graag sowel by **student** (as sportman) en **dosent** (as afrigter) wil sien.

Dit is tog so dat die afrigter graag help waar daar materiaal is om mee te bou, terwyl die sportman graag deelneem waar daar afrigting is wat sy vaardigheid op die sportveld tot groter hoogtes kan lei.

Tog stuit ons weer op 'n dooiepunt. Die materiaal is daar en die afrigting is daar, maar ons somersportsoorte stort nogtans in duie— **vanweë 'n gebrek aan belangstelling!**

**SKERPER AFBAKENING TUSSEN WINTER- EN SOMERSPORT.**

Nou vra ek my af: Moet ons dan maar die somersport aan ons Universiteit laat vaar omdat die belangstelling te kort skiet, of moet ons juis 'n poging aanwend om die belangstelling in hierdie sportsoorte te wek?

Myns insiens kan nie een van sportman of afrigter mekaar vir die wedersydse gebrek aan belangstelling blameer nie. Veel eerder is 'n tydsgebrek die oorsaak vir hierdie verskynsel.

Selfaktiwiteit by die sportman is nie voldoende nie: dit het **finale** afronding nodig, wat moet geskied deur geskikte afrigting. Om so 'n oefenplan tot sy volle reg te laat kom, is alle moontlik beskikbare tyd nodig. Hierdie tydsfaktor is egter juis die kiem van ons siek somersport.

Ontleed gerus die volgende stukkie statistiek:

(Somersport vind plaas tussen Oktober en Maart):

Oktober: Eksamenvoorbereiding en eksamen.

November: Eksamen en sluiting van Universiteit.

Desember: Vakansie.

Januarie: Vakansie.

Februarie: Vakansie en ontgroening.


Maart: Rugbyspelers begin oefen (amptelik), want daar word alreeds 'n wedstryd of twee in hierdie maand gespeel.

Sien u nou waaronder ons somersportsoorte moet ly?

Tog is dit nie nodig om daaroor moedeloos te word en die somersport te laat vaar nie. Nee, hierdie terugslae moet juis ons sportmanne tot groter aktiwiteit aanwakker, sodat hulle hulle volle gewig kan inwerp.

Maar meer as dit. Ook van ons sportowerhede moet hulp kom in die vorm van 'n **skerper afbakening** tussen die somer- en winterseisoene. Dit sal al ons somersportsoorte in staat stel om intensiewer te oefen en sodoende beter resultate te behaal, terwyl dit andersyds ons wintersportsoorte nog geen skade berokken nie. Eerder gaan dit vir hulle ook voordeel inhou, deurdat hulle sportmanne in staat gestel word om ten volle deel te neem aan somersport en sodoende dwarsdeur die jaar fiks te bly.

Mag hierdie verbetering gou intree, en mag die naam van die P.U. vir C.H.O. dan ook sy plek inneem onder die grotes van atletiek, swem, bofbal en krieket!

KWALITEIT?

INDERDAAD, MY VRIEND!

by

**G. & H. JUWELIERS**

**129 Kerkstraat. Tel. 1031**